

12 Maart

Skrifgedeelte: Genesis 30:25-31:55

God vervul sy beloftes op sy tyd

God het Jakob belowe dat Hy by hom sal wees, dat Hy hom sal beskerm en dat Hy hom na die land Kanaän sal terugbring (Gen 28:15). Hierdie beloftes het God nagekom. Terwyl hy by Laban was, het dit met Jakob goed gegaan. Hy het reeds elf seuns en 'n dogter gehad. Verder was hy geseën met baie besittings.

Een belofte, dat hy sou teruggaan Kanaän toe, was nog uitstaande. Die tyd was nou ryp om ook hierdie belofte na te kom. Daarom beskik God die regte omstandighede vir Jakob om terug te gaan. Jakob bemerk aan Laban en sy seuns dat hulle nie meer soos voorheen oor hom voel nie. Die Here sê vir hom om terug te gaan Kanaän toe en wanneer hy dit met sy vrouens bespreek, is hulle gereed daarvoor. So roep God sy kind op die tyd wat Hy bepaal en wanneer Hy die omstandighede regkry. God bring sy kind terug uit die vreemde sodat hy hom in Kanaän kan vestig.

Op sy tyd, toe Hy die omstandighede daarvoor reggekry het, het God eers sy Seun en daarna sy Heilige Gees na hierdie wêreld toe gestuur. Dit het Hy gedoen sodat ons na die ewige Kanaän, wat ons as gevolg van die sondeval verloor het, kan terugkeer. Op sy tyd en wanneer Hy alles daarvoor reggekry het, roep Hy ons na ons ewige Vaderhuis.

Sing: Psalm 89:1

Ds JL van der Schyff (Petrusburg/Boshof)